Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Christiaan Klopper**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za | 021 467 2407

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20230303-2097

Assesseringsbestuursminuut: 0005/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Bygewerkte skoolgebaseerde assesseringsvereistes vir die nie-amptelike tale**

1. Die Departement van Basiese Onderwys het **Eksameninstruksie 5** van 16 Februarie 2023 oor die bywerking van die skoolgebaseerde assesseringsvereistes (SGA) vir nie-amptelike tale uitgereik.

2. Hierdie minuut dien om skole in te lig oor die bygewerkte SGA-vereistes vir nie-amptelike tale in 2023.

3. Die onafhanklike eksamenraad is verantwoordelik vir die opstel van vraestelle asook die bestuur van SGA en mondelinge take in nie-amptelike tale.

4. Die SGA-vereistes vir die volgende vakke is vir 2023 gewysig:
   i) Arabies Tweede Addisionele Taal (TAT)
   ii) Frans TAT;
   iii) Duits TAT;
   iv) Hebreeus TAT;
   v) Mandaryns TAT;
   vi) Portugees TAT; en
   vii) Spaans TAT.

5. 'n Opsomming van die bygewerkte SGA-vereistes vir nie-amptelike tale in 2023 is as **Bylae A** (*School-based Assessment Requirements 2023: Non-Official Languages*) by hierdie minuut aangeheg.

6. Distriksamptenare en prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers, ouers/voogde en leerders te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-03-09